

'n Gebeurtenis

Postma, Stefanus, vert. 2008. **Johannes Calvyn se kommentaar op die brief van Paulus aan die Romeine.** Potchefstroom: Calvyn Jubileumboekefonds. 368 p. Prys: R150,00.
ISBN: 978-0-86886-774-8.
(UV Teologiese Studies, Klassieke Tekste, 1.)

Resensent: A.D. Pont
Emeritus: Departement Kerkgeskiedenis,
Universiteit van Pretoria

Tydens die Suid-Afrikaanse Kongres vir Calvynnavorsing gedurende September 2008 in Bloemfontein is prof. S. Postma se Afrikaanse vertaling van Calvyn se kommentaar op die brief aan die Romeine bekendgestel. Die gebeurtenis was een van die hoogtepunte van daardie kongres. Dit was ook gepas dat dit daar bekendgestel is, want die vertaling was 'n projek van die Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies van die Universiteit van die Vrystaat in samewerking met die Calvyn Jubileumboekefonds en UV Teologiese Studies.

Hierdie publikasie is 'n welkome opvolging van wyle prof. H.W. Simpson se baanbrekerswerk toe hy die 1559-*Institusie* van Calvyn vertaal het. Aangesien die aanleer en gebruik van Latyn, die taal van beskaafde geleerdheid in die sestiende en sewentiende eeu, tans al hoe meer afgeskaal word, is dit van groot waarde dat publikasies en studiewerk wat in die sestiende eeu gehelp het om die koers van die geskiedenis te bepaal, in vertaalde vorm beskikbaar is. Die verskyning van hierdie vertaling maak Calvyn se eerste kommentaar wat in 1540 gepubliseer is, beskikbaar. Hopelik sal

hierdie vertaling deur nog meer gevolg word en sal Calvyn se kommentare, wat vir die verstaan van sy denke net so belangrik is as sy *Institusie*, groter bekendheid in ons land en samelewing verkry.

Hierdie publikasie verg in 'n sekere sin, 'n dubbele bespreking. Aan die een kant sou 'n volstandige bespreking van Calvyn se kommentaar gepas wees. Die Kerkhervorming van die sestiende eeu se teologiese uitgangspunt was, wanneer op Luther gefokus word, geput uit die Pauliniese geskrifte en veral die brief aan die Romeine. Daarom is Calvyn se kommentaar van hierdie Bybelboek belangrik. Hierin kom sentrale momente van Calvyn se teologie na vore.

Aan die ander kant sou 'n volstandige bespreking en waardering van Postma se vertaling ook noodsaaklik wees. Enigiemand wat al Calvyn se geskrifte in Latyn gelees het, sal ongetwyfeld saamstem dat Postma goed daarin geslaag het om Calvyn Afrikaans te laat praat. Dit is geen geringe prestasie nie. Dit beteken ook dat hierdie uitstekende vertaling 'n groot hulp is om Calvyn se kommentaar op Romeine te gebruik om hierdie belangrike Bybelboek reg te verstaan.

Dolf Britz en Victor E. d'Assonville se "Inleiding tot die vertaling" is 'n besonder bruikbare mededeling wat die leser in staat stel om die kommentaar presies te plaas. Na Calvyn se eie inleidende opmerkings, word vanaf p. 37 met die kommentaar self begin.

Die brief aan die Romeine word gewoonlik rondom drie van die hoofemas behandel, naamlik die verlossing van die sondaarmens deur Jesus Christus en die nuwe lewe in Christus, ook God se wil vir Israel en die geheimenis van die uitverkiesing en ten slotte riglyne vir 'n Christelike lewe.

Wanneer die kommentaar gelees word – en dit is 'n taak wat die volle aandag vra – moet in gedagte gehou word dat dit alles in die sestiende eeu 'n nuwe teologie, 'n nuwe verstaan van die boodskap van die Bybel was. Dan is dit juis opvallend dat daar nie voortdurend polemiese verwysings na die Roomse teologie is nie, maar slegs 'n poging om so sorgvuldig moontlik die evangelie van die verlossing uit te lê. Andersyds word ook verniet gesoek na 'n bespreking van al die probleme wat deur die na-Calvynse ortodoksie veroorsaak is en wat soms "die vrolieke boodskap van die Bybel", soos Luther dit gestel het, verduister het. Hierdie kommentaar is dus uit die aard van die saak "gedateer". Aan die ander kant is dit egter ook tog

merkwaardig hoe aktueel en eietyds dit is. Dit laat die besef groei dat die Woord van God nooit verouder nie!

Wanneer die uitleg van die “moeilike hoofstukke” van die brief aan die Romeine, naamlik Romeine 9-11 gelees word, kan Postma weer vir sy vertaling vermeld word. Hierdie hoofstukke illustreer ook iets van Calvyn se poging om sorgvuldig en verantwoordelik die Skrif reg uit te lê. So teken hy by Romeine 9:14 aan: “Maar omdat ons mense is vir wie hierdie dwase vrae in die gedagte opkom, laat ons van Paulus verneem op watter manier dit tegemoet getree moet word.” Dit is hierdie respek vir die Woord wat indrukwekkend is, omdat dit so dikwels by baie van die hedendaagse Skrifverklaarders ontbreek.

By die deurlees en deurwerk van hierdie vertaling word dit weereens duidelik waarom die Kerkhervorming van die sestiende eeu so 'n geweldige impak gehad het en die geskiedenis van Wes-Europa in 'n nuwe baan gestoot het. Calvyn lê die evangelie op so 'n manier uit dat dit duidelik word wat die hart van die evangelie is. Hy wys op dit wat belangrik is in die Woord op so 'n wyse dat die gelowiges nie net daardie Woord geglo het nie, maar ook bereid was om hulle lewe op te offer deur aan daardie waarheid vas te hou. So gesien, is hierdie kommentaar een van daardie geskrifte wat die gelowiges in die sestiende eeu blywende waarde gegee het om aan hulle nageslag na te laat. Hierdie kommentaar is, na die bedoeling van Calvyn, nie in die eerste plek vir studente en teoloë bedoel nie, maar vir die gelowiges wat die kerk is. Die hoop bestaan dat hierdie werk, ook in ons Afrikaanse kerklike gemeenskap, 'n wye leserskring sal verwerf.